

verskillende soorte plante saam gebruik kan word. Die plante se grond en vogtigheidsbehoeftes moet egter in gedagte gehou word. Varings en esse sal dus nie met aalwyne en kremetarte in dieselfde houer gebruik kan word nie - dit sal ongetwyfeld op die begraafplaas beland!

Klippe het 'n besondere rol by saikei; alle tipes is geskik maar hulle vorm sal die aard van die landskap bepaal. Toshio Kawamoto het verskeie soorte klippe geïdentifiseer - dié wat geskik is as berge, eilande, rivierwalle, koppies, en someer. Klippe met 'n blink, gladde oppervlakte word met water geassosieer terwyl ruwe rots weer by droër, winderige omgewings pas. Saikei-klippe hoef nie perfek in voorkoms te wees nie, omdat dié dele wat nie so goed lyk nie met grond bedek kan word. Die belangrikste is egter dat die tipe klip, die oppervlakte voorkoms, die vorm van die klippe, en natuurlik die bome, saam 'n logiese geheel vorm.

In die geval van bv. berg- en seelandskappe, sal die rotse 'n prominente rol speel met die bome ondergeskik daaraan.

In 'n toneel van 'n bergstroompie in 'n woud, sal die klippe weer kleiner en minder opvallend wees, terwyl die bome prominent geplaas word.

Dieselfde houers as vir bonsai-groepaanplantings kan gebruik word, maar aangesien die houer by saikei nie so 'n belangrike deel van die kunswerk vorm soos by bonsai nie, hoef dit nie van hoë kwaliteit materiaal gemaak te wees nie. Selfgemaakte sement- of houtpotte word dikwels gebruik. Die mees algemene vorms is ovaal langwerpig of rond. Langwerpige reghoekige houers word ook gebruik. Houers wat uit twee of drie los dele bestaan, bied ook interessante moontlikhede vir see- of waterlandskappe.

Vir meer besondere oor die beplanning en uitleg van goeie saikei, beveel ons aan dat benewens die ander referate in hierdie stel, die volgende boek (in ons Kai se boekery) gelees word:

Kawamoto, Toshio. Saikei: Living Landscapes in Miniature. Tokyo: Kodansha International, 1967 (herdruk 1972).